**PREDIKANTE:**
Dr. Braam Krüger
082 459 5636

Ds Louis Buys
082 927 2034

**BERIGTE:**
polsslag@gkbenoni.co.za
**WEBBLAD:**
www.gkbenoni.co.za
**FACEBOOK:**
https://www.facebook.com/

# Polsslag

Rom 12:2

**Gereformeerde Kerk Benoni**

11 September 2016

**ADMINKANTOOR:**
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
011 849 2054
084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

**GEMEENTE KOÖRDINEERDER**
Ronel Ritchie
011 849 6817
081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.*

## VANDAG SE EREDIENSTE

| ***OGGENDDIENS*** | ***LOF-EN AANBIDDINGSDIENS*** | ***AANDDIENS*** |
|---|---|---|
| ***09:00*** | ***17:00*** | ***18:30*** |
| ***Dr, Braam Krüger*** | ***Dr. Braam Krüger*** | ***Ds. Louis Aucamp*** |
| ***Skriflesing:*** *Romeine 6: 1-14* | ***Skriflesing:*** *Matteus 16: 13-20* | |
| ***Tema****: Moreel of Heilig?* | ***Tema:*** *Het ek regtig die kerk nodig?* | |

## HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY VANDAG SE EREDIENSTE

### KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

**GELUKWENSING:**

* Edwin Calitz en Lize, dogter van Jaap en Dorene Smit, het Saterdag 3 September in die huwelik getree.
God's rykste seën word hulle toegebid.

**VOORBIDDING:**

* Oom Bertie en tant Annetjie van der Merwe het albei die afgelope week geval en heupbeserings opgedoen. Oom Bert word Maandag 12 Sept geopereer, en tant Annetjie was Saterdag, 10 Sept geopereer in die Linmed Hospitaal.
* Manie van Niekerk het 'n beroerte gehad, en sy sig is erg belemmer agv van die beroerte. Die dokter het ook vasgestel dat daar weer kanker in een van sy kliere is, en dat hy weer chemoterapie sal moet ontvang.
* Klein Katelyn van Pieter en Hencia Marais het vir gehoortoetse gegaan, en dit is vasgestel dat sy gehoorapparate sal moet kry.
* Linda Pulito gaan Maandag vir 'n oogoperasie by die Thambo Memorial hospitaal.
* Betsie Coetzee is in die hospitaal opgeneem met longontsteking.

**MEELEWING:**

* Met leedwese maak ons bekend die afsterwe van Frank Cotton, oud lidmaat van GK Benoni. Ons dra sy vrou, Rosemary en dogter Christel op in ons gebede, en bid dat die Here hulle hul troos in die Here sal vind.

**VERWELKOMING:**

* Hartlik welkom aan die volgende wat met attestaat aangekom het: Uhltzen Steytler vanaf NGK Middelburg, en Magdaleen de Beer ( Steytler) vanaf GK Middelburg.

**ANDER GEMEENTESAKE:**

* Adriaan Damons het met attestaat vertrek na GK Andeon (Pretoria)

TER APPROBASIE:

* Johan Pretorius word aan die gemeente voorgehou as ouderling van Blok E.

VERSKUIWING VAN OUDERLINGE:

* Piet Bateman verskuif vanaf blok E na wyksouderling van wyk G33.
* Flippie Opperman verskuif as ouderling van Blok G37 na Blok B.

| DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **DAG** | | **AKTIWITEIT** | | **LOKAAL** |
| So. 11/09 | 08:00 - 09:00<br>09:00<br>Tydens preek<br>10:15 –11:00<br>18:00 - 19:00 | Gebedskamer<br>Peuter-kerk<br>Kleuterkerk<br>Katkisasie gr 1-7<br>Katkisasie gr 8-11 | Donsie Krüger<br>Anneke Salomons<br>Betsie Coetzee<br>Adri van Tonder<br>Adri van Tonder | Ou Moederskamer<br>Huis<br>Konsistorie<br>Onderskeie lokale<br>Onderskeie lokale |
| Ma. 12/09 | 09:30 | Bybelstudie Rynpark 5 | Adri Goede | Rynpark 5 |
| Di. 13/09 | 09:00 | Koördineringsvergadering | | Konferensie lokaal |
| Do. 15/09 | 19:00 | DUST -hoërskooljeug byeenkoms | | Kerkhuis |
| Vry. 16/09 | 05:30 - 06:30<br>05:00 - 06:00 | Gebedsgroep<br>Mannebyeenkoms | Donsie Krüger<br>Schalk van Eeden | Konsistorie<br>Saal |

## DIENSBEURTE

**TEESKINK**

Vandag: Wyk F29
18 Sept: Wyk E25A

**OUDERLING**

Vandag: Schalk Venter
18 Sept: Pieter du Plessis

**Het jy behoefte**

dat iemand vir jou of saam met jou bid? Gebedsversoekkaartjies is by die deure beskikbaar. Vul dit gerus in, en plaas dit in die kollektesakkie. Jy kan ook gebedsversoeke 'na 084 627 2393 per sms stuur. Ons bid graag vir jou!

## SPESIALE VERSOEKE & AANBIEDINGE

### BORG 'n BALK

Die lendelam bankies en splinters is 'n ding van die verlede, met groot dank aan almal wat betrokke was by hierdie gemeenteprojek.

DIT IS NOU TYD VIR DIE TWEEDE FASE!
PLASTIEK IS DIE NUWE HOUT!
17 SEPTEMBER VANAF 08:00

Daar is reeds genoeg plastiekhout aangekoop om een plastiekhout-stel te bou. Een balk kos R100, en daar is 20 balke nodig om een stel te bou. 'n "Borg 'n balk" projek is geloots om die aankope en bou van plastiekhout bankies te help befonds.
Koevertjies is by die deure beskikbaar vir kontantdonasies en kan in die kollektesakkies geplaas word, of EFT inbetalings kan in GK
Benoni se rekening gemaak word, met verwysing " BALKIEPROJEK". Bankbesondehede is op die agterste bladsy van die polsslag.
Die volgende bouprojek sal DV Saterdag **17 September** vanaf 08:00plaasvind, en alle lidmate wat wil betrokke raak is baie welkom..
Die dames sal weer vir die honger magies sorg.

Navrae by Stefan Coetzee 083 785 2713

### STOMP MESSE EN SKÊRE?

Het jou gunsteling mes of skêr stomp geword?
Skakel gerus Ockie Annandale en hy sal met groot sorg en vernuf dit as diens aan gemeentelede soos nuut maak.
Ockert Annandale; 082 482 7784

### GK– DAVEYTON

Daveyton gemeente wil 'n kerk-band begin, en vra of daar iemand is wat n keybord en dromme het wat hulle nie gebruik nie en beskikbaar sal stel.
Kontak Petunia by: 0746903396

### *ONS HET JOU HULP NODIG!*

*Ons as gemeente is aan mekaar verbonde soos die lede van 'n liggaam. Ons het die verantwoordelikheid om na mekaar om te sien en mekaar te versorg, veral wanneer sommige swaar kry. Lidmate wat 'n deernis het vir mense wat swaar tye beleef, kan gerus by hierdie bediening aansluit.*
*Vir meer inligting, of om betrokke te raak, kontak asb Hettie Viljoen 083 628 9508*

## PALMS LENTEKONSERT

**Alle lidmateword vriendelik uitgenooi na bogenoemde funksie.**

Datum : DV Woensdag 21 Sept.
Tyd : 09:30 vir 10:00
Plek : Gereformeerde Kerk Benoni
Toegang : Gratis ( kollekte sal gehou word )

Kunstenaar: Philip Moolman. Wel bekend as akteur ( Egoli, Sonkring, ens.) en as sanger ( met liedjies soos Hoog bo die wolke, Leef in liefde,Moskombersie) Hy het ook bekendheid verwerf met die gewilde Blou Hond Restaurant, eers in Melville en tans in Pretoria.
Skryf asb. jou naam op die vorm in die saal, of gee jou naam by Ina Bolt 011 849 2054 in die kerkkantoor op.
Nooi julle vriende saam.
Ons benodig slegs getalle om sodoende ons verversings te bestel.
Ons sien daarna uit om u te ontvang en sommer baie lekker te kuier

Vriendelike Groete
Die Palms

## ONTWIKKELLING VAN MISSIONALE KERKE SEMINAAR 14 & 15 OKTOBER

TYE: Vrydag 18:00 - 21:00 &
Saterdag 09:00-15:00
Plek: St. Andrews Presbyteriaanse Kerk,
24C Miles Sharp straat, Rynfield.
Registrasie fooi: R50

Die opvolg seminaar oor die ontwikkelling van missionale kerke, aangebied deur prof. Malan Nel sal by St. Andrews Presbyteriaanse Kerk aangebied word.
Lidmate wat die seminaar wil bywoon kan hul name by Ronel Ritchie opgee vir registrasie, of aanlyn die vorm invul op ons webwerf www.gkbenoni.co.za
Registrasiefooi is by aankoms betaalbaar.
Vir navrae/registrasie kontak Ronel Ritchie.

Klankopnames van die seminaar wat op 26 & 27 Aug. plaasgevind het is op bestelling beskikbaar teen R40 per stel van 5 cd's .
Kontak Ronel Ritchie 081 218 3048

*Mag elkeen welklik die liefde van God hierdie week ervaar!*

## ST JAMES, LESOTHO UITREIK



"n Vakansie na St James in Lesotho, meer as 'n dekade gelede, het daartoe gelei dat daar jaarliks 'n uitreik na die gebied geloots was. Pragtige verhoudinge het hieruit gespruit. Alhoewel daar alreeds sowat 1000 Bybels, sakke vol klere, skoene en kos versprei is in die afgelope jare is die nood en behoefte steeds baie groot. Die hooffokus van die uitreik is skole in en rondom St James, waar hulle organiese bybelstudie geleer word en werkboekies vir die kleiner kinders om die Blye Boodskap te verstaan en te gebruik.
Om hierdie jaar weer die impak te maak waarvoor ons hoop het ons die gemeente se hulp en ondersteuning nodig. Ons beoog om hierdie keer onbederfbare kosse (blikkies), klere, skoene, kosblikke, waterbottels, sokker– en netbalballe en natuurlik weer baie Bybels saam te neem.
Om saam te gaan benodig jy 'n paspoort as jy 18 of ouer is, en vir jonger kinders 'n unabridged geboortesertifikaat. Elke person wat saamgaan is om self hul reis– en verblyfkostes te dek, wat sowat R2500 beloop.
Die datum is op hierdie stadium nog onbekend, maar sal moontlik einde November 2016 wees.
Ons wil graag weet hoeveel belangstelling daar is sodat ons met beplanning kan begin.
As jy geroepe voel om deel te wees van hierdie span of 'n donasie wil maak kontak Heléné Venter op 083 457 8861

## VERJAARSDAE 4 –10 Sept

Baie geluk en mag ons Vader julle ryklik seën in die nuwe lewensjaar!

| DAG | NAAM | KONTAK NR. |
|---|---|---|
| So 11/09 | Talita Human<br>Morné Coetzee<br>Shawn Carstens | 083 566 6564<br><br>073 323 1004 |
| Di. 13/09 | Jared du Preez #<br>Lien vd Westhuizen * | <br>072 218 4879 |
| Wo. 14/09 | Jaydene Wigget # | |
| Do. 15/09 | Giel de Bruyn | 071 871 0569 |
| Vr. 16/09 | Gerrit Alberts #<br>Emile Louw<br>Dorothy Kruger<br>Gideon Hall ** | <br>082 778 7906<br>072 598 6327<br>072 283 7843 |
| Sa. 17/09 | Shaýe van Dyk<br>Ria Nel | 082 817 4925<br>072 185 8514 |

(# doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

## BYBELVRAAG VIR DIE WEEK

Verlede keer 4 September 2016 se antwoord: Ester 2:12
" Die skoonheidsbehandeling waaraan die meisies hulle volgens die gebruik moes onderwerp, het twaalf maande geduur: behandeling met mirre-olie en met ander lek-kerruikkruie en ander skoonheidsmiddels ses maande. Daarna het elke meisie 'n beurt gekry om na koning Ahasveros toe te gaan"
Die volgende lesers het antwoorde ingestuur:
Martie Gibson; Jan Lubbe; Una Steyn; Chrissie Pretorius.
Hierdie week: Soek die Bybelvers
" God het nie vir haar wysheid gegee nie, sy het geen verstand nie"
Vraag: Van watter voël praat die Here as Hy vir Job sê dat Hy aan die voël wysheid en verstand ontsê het?
Lees gerus Job en noem die voël en waar bostaande vers staan en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173.

## 2016 FRANKFORT RIVIERTOER:

**Datum:** Woensdag 30 November 2016 tot Sondag 4 Desember 2016!
**Waar**: Zorgvliet – Tweeling distrik (Frankfort)
**Wie**: Alle Hoërskoolkinders van gr 8 - 12
**Koste**: R750 per kind
Eie vervoer moet gereël word na en van Frankfort se kerkgebou.

T**ema**: My beeld van … God, myself en my naaste!
Inskrywingsvorm:
https://www.dropbox.com/s/ztqnlo1ou1z43uy/2016%20-%20Inskrywingsvorm.pdf?dl=0
Frankfort Riviertoer: http://projekte.kruispad.net/frankfort-riviertoer.html

Ouers kan ook met Hettie Viljoen by 083 628 9508 of hettie.viljoen@absamail.co.za skakel.

## MAANDELIKSE DANKOFFERS

Lidmate word aangemoedig om waar moontlik, hul maandelikse dankoffers per debietorder af te dra. Debietvorms is by die buitedeure op die toonbanke beskikbaar. Vul asb die vorm volledig in, en plaas in die kollektesakkies tydens kollektes. As jy hulp benodig hiermee, kontak gerus Evert Bolt (082 446 0794) of Ina Bolt (084 339 1136).
Baie dankie aan almal wat gereeld hul dankoffers afdra.

**Kollektes**
**4 September 2016:**
Diens van Barmhartigheid: R 7266.50
Thuso: R 2019
Jeug - 28 Aug : R 453
Jeug - 3 Sept: R 187
**Vandag:**
Onder die diens **:** Barmhartigheid
By die deure: Emeritaatsversorging
**Volgende week: Kerkkas**

**GK-BENONI KERKKANTOOR**
**URE:**
Ma - Wo en Vrydae
09:00 –14:00 Ina Bolt
084 339 1136 / 011 849 2054

Donderdae 09:00 –13:00
Ronel Ritchie
081 218 3048

Alle lidmate wat onseker is in watter wyk of blok hulle is, of nie weet wie hul ouderling of wyksleier is nie kan by Ina Bolt by 011 849 2054 / 084 339 1136 navrae doen.

2016 Gemeente-inligtingsboekies is in die kantoor of konsistorie beskikbaar.

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

**GK BENONI BANKBESONDERHEDE:**
BANK : ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING : Volle Naam, Van & Doel

**Of SNAPSCAN:**

Barmhartigheid

Deur kollekte